Opsomming

Die onlangse sosiale en politieke veranderinge wat plaas gevind het in Suid Afrika, veral die integrasie van die universiteite, maak hierdie 'n ideale omgewing vir die bestudering van studente se houdings en persepsies van hul eie en ander kultuur groepe. Die huidige houdingstudies in Suid Afrika en oorsee is beperk omdat hulle minimaal fokus op die identifisering van die kulturele perseptuele prosesse wat onderliggend is aan intergroep verhoudings. Verder is hierdie studies geneig om hoofsaaklik te fokus op die houdings van enkel etno-kulturele groepe teenoor een of meer spesifieke etniese teikengroepe. Die variasie in verskillende groepe se houdings teenoor mekaar ten opsigte van diverse kultuuroriëntasies is dus grootliks afgeskeep.

Om hierdie probleme aan te spreek, poog hierdie studie om kulturele groepshoudings en kern waarde-oriëntasies (individualisme en kollektivisme) te bestudeer ten opsigte van vrywilliger eerste- en tweede-jaar sielkunde studente by die RAU. Meer spesifiek, is hierdie studie daarop gemik om die variëring van groepshoudings en waarde-oriëntasies te bepaal, in terme van 'n aantal onafhanklike veranderlikes, en die korrelasie tussen groepshoudings en kern waarde-oriëntasies.

Die studie bestaan uit 'n opname met behulp van 'n vraelys en 'n steekproef van 541 eerste- en tweede-jaar vrywilliger sielkunde studente by die RAU. Die steekproef sluit manlike en vroulike studente in van die breë kulturele oriëntasies (Westerse, Afrika, Midde-Oosterse (Moslem) en Indiër/Asiër kultuur-oriëntasie groepe), die drie hoof taalgroepe (Engels, Afrikaans en Afrika tale) by die RAU, sowel as koshuis en dagstudente van verskeie fakulteite en akademiese studiejare.

Die meetinstrumente bestaan uit 'n Individualisme en Kollektivisme Likert Skaal (IS/KS) (Gudykunst, 1995), wat ontwerp is om veralgemeende kern waarde-oriëntasies te meet, en 'n Semantiese Differensiaal Skaal (SDS) (Nieuwoudt, 1973), wat ontwerp is om houdings te meet teenoor die vyf breë kulturele oriëntasiegroepe, naamlik Westers-Afrikaanse, Westers-Engelse, Midde-Oosterse (Moslem), Asiese/Indiese en Afrika kulturele oriëntasiegroepe. Die onafhanklike veranderlikes wat ondersoek is in die analisering van die data, is die volgende: geslag, koshuis teenoor dagstudente (om die invloed van intimiteit en frekwensie van kontak te bepaal), kulturele groep- lidmaatskap/identiteit, en eerste taal.

Die konstrukgeldigheid en die interne betroubaarheid van die IS/KS en SDS is ondersoek deur middel van hoof-as faktorontleding en Cronbach alfa betroubaarheidskoëffisiënte. Onafhanklike t-toetse is gebruik om die betekenisvolle verskille tussen die IS/KS en SDS tellings te bepaal van die manlike en vroulike deelnemers en die koshuis- en dagstudente. ANOVA en daaropvolgende Scheffé of Bennet T3 post-hoc toetse is gebruik om die groepsooreenkomste en verskille tussen die groepe te bepaal ten opsigte van die tellings van die vyf kulturele identiteits- groepe, asook vir die drie taalgroepe. Laastens, is Pearson se produk-moment korrelasies gebruik om betekenisvolle korrelasies tussen die IS/KS en SDS tellings te identifiseer.

Die belangrikste bevindings was soos volg:

- Vrouens toon betekenisvol sterker Individualisme en Kollektivisme tellings as mans.

- Dagstudente toon betekenisvol sterker Kollektivisme tellings as koshuisstudente.

- Statisties betekenisvolle verskille is geïdentifiseer in die IS/KS tellings van die vyf kulturele identiteitsgroepe en die drie taalgroepe.

- Mans en damestudente verskil betekenisvol van mekaar in terme van hul persepsies van Indiër/Asiër kultuurgroepe.

- Koshuisstudente en dagstudente verskil betekenisvol van mekaar in terme van hul persepsies van die Westers-Afrikaanse en die Afrika kultuurgroepe.

- Die vyf kulturele identiteitsgroepe en die drie taalgroepe verskil betekenisvol van mekaar in terme van hul persepsies van Westers-Afrikaanse, Westers-Engelse en Afrika kultuurgroepe.

- Betekenisvolle korrelasies is vasgestel vir die Kollektivisme tellings en SDS tellings vir die persepsies van die Westers-Engelse, Indiër/Asiër, Midde-Oosterse en Afrika kulturgroepe. Hierdie korrelasies is egter baie laag, wat aandui dat 'n regressie-analise van die SDS houdingtellings in terme van die IS/KS tellings nie prakties uitvoerbaar was nie.

Die teoretiese implikasies van die bevindings is bespreek en voorstelle is gemaak vir toekomstige navorsing in hierdie veld.

UNIVERSITY OF JOHANNESBURG